Tel: +27 (0) 12 804 8031
Faks / Fax: +27 (0) 12 804 2014

Jamesrylaan / James Drive 194,
Posbus / P.O. Box 912 - 51, Silverton, 0127

E-pos / E-mail: tlu@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za

G 10/1

23 Junie 2022

**AAN: ALLE LEDE VAN DIE ALGEMENE RAAD VAN TLU SA**

- **UITVOERENDE KOMITEELEDE**
- **VOORSITTERS VAN DISTRIKSLANDBOU-UNIES EN HUL GEAFFILIEERDE BOEREVERENIGINGS**
- **VOORSITTERS VAN BOERE-UNIES**
- **GEAFFILIEERDE LANDBOUBESIGHEDE**
- **GEAFFILIEERDE BEDRYFSORGANISASIES**
- **STREEKKANTORE**

Meneer / Mevrou / Mejuffrou,

**TLU SA JAARKONGRES 2022**

**TEMA:** "Reik na die Toekoms "

In 2020 is TLU SA gedwing om ons jaarkongres weens die pandemie met ons eerste interne Zoom-kongres te vervang. Verlede jaar het ons vir dieselfde rede by die formaat gehou en sal ons hierdie jaar weer dieselfde werkswyse volg. Die program is egter uitgebrei en sal 'n voldag-program wees sodat die nodige insette rondom die beskrywingspunte van alle deelnemers verseker kan word.

Volgens verskeie internasionale studies word verwag dat die wêreld se bevolking sal uitbrei tot 9.9 biljoen mense in 2030 teenoor 7.8 biljoen in 2020 – ongeveer 'n 25% groei. Dit is daarom logies dat voedselproduksie wêreldwyd drasties sal moet verhoog om in die behoeftes van die groeiende bevolking te voorsien.

Volgehoue fokus op voedselproduksie is egter net so belangrik soos om 'n bestaansekerheid in die kommersiële boerderysektor vir boere self te verseker. Omdat pryse wat vir produkte betaal word grootliks deur globale markte bepaal word, bly die ekonomiese lewensvatbaarheid van boerderye wêreldwyd 'n uitdaging. Des te meer in 'n land waar landbou-onvriendelike beleid aan die orde van die dag is.

In antwoord op die vraag "wie is die boere van die toekoms wat die kos sal produseer om almal te voed?", sal TLU SA egter altyd met sekerheid kan bevestig dat dit die kommersiële boere is ... dat dit ons boere is.

TLU SA word geken daarvoor dat hy onwrikbaar sy standpunt in belang van sy lede en die kommersiële landbousektor uitdra. Daarom groei TLU SA nou van krag tot krag en is ons sterker as ooit!

.../2

TLU SA wil nou en in die toekoms in die beste posisie moontlik wees om die verwagtings van sy lede en potensiële lede te voldoen. Vanuit hierdie toekomsgerigte benadering is daar besluit op hierdie jaar se tema **"Reik na die Toekoms"**. Ons glo ook dat dit nou meer as ooit tyd is om hoop te bied vir ons lede, alle boere maar ook in 'n breër sin vir alle Suid-Afrikaners.

Kom wees deel van ons besprekings hierdie jaar om te verseker dat die regte innoverende planne gemaak en beleid daargestel word om 'n toekoms vir landbouers in Suid-Afrika te verseker.

Kongres 2022 word weer hoofsaaklik elektronies via Zoom aangebied alhoewel daar voorsien word dat die fisiese bywoning deur veral leiers, borge en die media die getal wat die Kongres by die gebou in Silverton bywoon, tot 'n maksimum van ongeveer 130 persone sal laat styg.

*Die konsep kongresprogram word hiermee saam voorsien.*

**Namens die President, het die Bestuur van TLU SA die voorreg om u hiermee in kennis te stel van die volgende Kongresreëlings:**

## 1. KONGRES:

| | |
|---|---|
| Datum: | Woensdag, 7 September 2022 |
| Tyd: | 08:45 tot 15:05 |
| Plek: | Streke en affiliasies vergader hoofsaaklik in streekverband waar daar in groepsverband via Zoom ingeskakel word.<br>Alternatiewelik kan lede self ook van Zoom gebruik maak om direk by die Kongres in te skakel.<br>Sprekers, leiers, verteenwoordigers van ons borge en lede van die media sal by TLU SA gebou die Kongres-verrigtinge meemaak. |
| Dokumentasie: | Alle dokumente sal vooraf gesirkuleer word om besluitneming te vergemaklik en te bespoedig. |

## 2. STEMKRAG

Kongresgangers se ledegeld moet ten volle opbetaal wees. Uitstaande ledegeld moet asseblief in rekening 070 000 083 inbetaal word. Die stem-proses sal per WhatsApp geskied en sal elke afgevaardigde wat 'n stem/me mag uitbring dit per die WhatsApp-funksie kan doen. Aangeheg hierby is weer die volledige stemprosedure.

## 3. REGISTRASIEPROSEDURE

Affiliasies word vriendelik versoek om kongresgangers te registreer deur die registrasievorm hiermee saam volledig en leesbaar te voltooi.

DLU's word ook vriendelik versoek om met hul strukture en substrukture (BV's) op te volg en registrasie te koördineer.

Besprekings van amptelike kongresgangers moet via die DLU/BU/Streekkantoor geskied maar dit staan ook volopbetaalde lede vry om self die vorm te voltooi om as waarnemer te registreer. (Sodra 'n stemreg egter toegeken word, moet die affiliasie daarvan kennis dra en dit so goedkeur.)

Streke word vriendelik versoek om betyds met DLU's en BU's op te volg of die besprekings deurgestuur is.

## 4. KEERDATUM - VRYDAG, 26 AUGUSTUS 2022

Almal se samewerking om die registrasieproses so vinnig moontlik te kan afhandel sal waardeer word.

.../3

Vir enige verdere navrae is u welkom om met my of die Kongreskoördineerder te kontak by:

Tel. (012) 804-8031 (w)
Sel. 079 170 2345 (Lynne)
E-pos register@tlu.co.za

Beste wense

**Bennie van Zyl**
**HOOFBESTUURDER**

*namens*

**Henry Geldenhuys**
**PRESIDENT**

**Have you eaten today? Thank the farmer and his workers.**
**No farmer, no food, no future!**

**Geëet vandag? Ondersteun boere en hul plaaswerkers.**
**Geen boer, geen kos, geen toekoms!**